# NAME VAN KINDERS

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING:

**Matthéüs 6:9  Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;**
**Mat 6:10  laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;**

**Psalm 139:15  My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.**
**Ps139:16  U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.**

**Hebreërs 13:20  Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,**
**Heb 13:21  julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen**

**Hebrews 13:20  Now may the God of peace [*the source of serenity and spiritual well-being*] who brought up from the dead our Lord Jesus, the great Shepherd of the sheep, through the blood *that sealed and ratified* the eternal covenant,**
**Heb 13:21  equip you with every good thing to carry out His will *and* strengthen you [*making you complete and perfect as you ought to be*], accomplishing in us that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ, to whom be the glory forever and ever. Amen.**

**Matthéüs 18:6  maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.**

-o0o-

My hart is vanmôre in stukke oor hoeveel skade ouers aan hulle eie kinders doen. Ouers vervloek hulle eie kinders terwyl hulle sê dat hulle lief is vir hulle! Hierdie saak wil ek vir julle van die begin af gee soos wat die Here dit aan my geopenbaar het.

### TWEE KONINKRYKE

Ons moet verstaan dat die geestelike ryk, die ewige ryk is. Die fisiese ryk is die tydelike ryk.
In die geestelike ryk is alles klaar in die ewigheid geïmplementeer. Dit is klaar geskrywe. Dit bestaan reeds tot in alle ewigheid. Hier op aarde is dit in my en jou hande geplaas om die tydelike uit te lewe, want ek en jy, as mens, het 'n keuse.

- Daar is twee koninkryke. Dit is die Koninkryk van die Lig en die koninkryk van die duisternis.

Iewers, elke dag gewaarborg, funksioneer ons elke oomblik van elke dag, in een van daardie twee koninkryke. Dit maak nie saak of dit my of jou keuse is nie. Dit hang af of ons deur God se Gees, deur die vlees of deur die bose gelei word. Die ewigheid is klaar geïmplementeer. God se raadsplan vir elke mens, elke instansie en elke ding op aarde is klaar geïmplementeer.

- Net die Almagtige het skeppingskrag.
- Satan het nie skeppingskrag nie en daarom boots hy alles wat God gemaak het na.

Satan kom lê baie keer sy planne in ons hande en dan dink ons dat dit die regte planne is. Ons neem dit aan en ons funksioneer daarin, want satan se plan lyk altyd die beste en die mooiste. Die saak word so deur sy leuen gepoets sodat dit na die beste en maklikste lyk.

-o0o-

Onthou, ons kan net swanger raak met die eerste saad wat ons ontvang. Ons kan nie met ‘n tweede saad swanger raak nie.

- Dit hang van ons af wie se saad ons ontvang.
  - Ontvang ons die saad van die Vader of ontvang ons die saad van die bose?
  - Wie is die vader in jou lewe en watter bruidegom se saad ontvang jy?

-o0o-

Ek wil graag met julle deel oor die Koninkryk van God.

**ALLES IS KLAAR BEPAAL**

**Matthéüs 6: 10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;**

Volgens die Bybel, toe Jesus die Onse Vader gebid het, het Hy gesê laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

In die ewigheid, in die geestelike ryk is, is alles klaar geskryf. Jesus bid dat dit deur Hom op hierdie aarde sal funksioneer, soos wat dit daar in die hemel is, want Hy is die een wat die kontak het. Net die mens het kontak tussen die fisiese ryk en die geestelike ryk. Geen ander wese het daardie kontak nie.

Dit wat reeds in die ewigheid bestaan, moet ons gaan haal en in die fisiese ryk implementeer. Dit moet afgebring word aarde toe, sodat dit hier ‘n realiteit kan word. Wat dan verder gebeur, hang op grond daarvan af:

- Die Koninkryk van die Hemele is dit wat in die Hemele, in die ewigheid bestaan.
- Die Koninkryk van God is in die kinders van God, in Christus, hier op aarde geïmplementeer.
- Ons is veronderstel om die verteenwoordigers van die Koninkryk van die hemele, hier op aarde, te wees.
- Ons is deel van die Koninkryk van God, wat in die hemel is, hier op aarde.
- God het alles klaar in die ewigheid geïmplementeer.

**TABERNAKEL REPLIKA**

Die Here het vir Moses ’n opdrag gegee om vir Hom ‘n tabernakel te bou. Hy sou aan Moses toon hoe dit reeds in die ewigheid bestaan. Moses moes dit presies maak soos wat dit in die ewigheid, die geestelike ryk, is. Moses moes dit afbring in die fisiese ryk, want die Here wou in die tabernakel kom woon. Dit moes ‘n replika wees van wat in die ewigheid is. Die Here sou op so ‘n manier met die volk verbind. As Moses afgewyk het en dit nie so gedoen het nie, sou dit nie meer die Here se volkome raadsplan gewees het nie. Dit sou dan Moses se plan gewees het.

- As Moses daaraan verander het, soos wat hy gedink het goed was, sou die bose plek gekry het.

Onthou, die bose soek net ‘n “ja”, dit is al. Daar hoef nie ‘n oop deur te wees nie. Die bose soek net ’n skrefie, waardeur die nuuskieriges kan loer om te sien wat aan die ander kant is, om in te gaan.

- Die tabernakel moes die teenwoordigheid van die hele Woord wees en daarom moes Moses dit afbring.

Die Ou Testament is ‘n spieëlbeeld van dit wat in die Nuwe Testament is. Die hele Woord is ‘n spieëlbeeld na vandag toe. Daardie tabernakel is Sy plek waar Hy bly. Dit is eintlik ‘n heenwyse na my en jou vandag.

- Hy bly vandag in Sy derde tempel, in my en jou, wat in Christus die nuwe verbond tot vervulling gebring het.
- Die Nuwe Verbond is veronderstel om in jou en my vervul te word.

**OUERSKAP**

God gee vir die ouerpaar ‘n kind, vir wie Hy alreeds ‘n raadsplan in die ewigheid uitgelê het. Dit is Sy volkome raadsplan wat bestaan in die ewigheid.

-o0o-

- Voor die grondlegging van die wêreld het Hy ons alreeds by ons name geroep.
- Ons is Syne en elke een van ons is in Sy handpalms gegraveer.
- Ons is na Sy beeld gemaak en ons kom uit Sy hart.
- Hy het nog steeds 'n plan vir elke mens op hierdie aarde.

God het nooit na die huwelik verwys as man en vrou nie, maar as egpaar. Die oomblik dat hulle man en vrou genoem word, word die egpaar geskei. Hulle funksioneer as 'n eenheid, as die vyf kragte of persoonlikhede naamlik koning, priester, profeet, voorbidder (intercessor) as egpaar en voorbidders as Bruid, wat uit die Godheid Homself kom.

Alle kindertjies behoort aan die Koninkryk van die Hemele. God gee vir die egpaar 'n kind

- Hy stel die egpaar as 'n eenheid aan, as die hoogste gesag op die aarde, oor die kind.
- Hy gee vir hierdie kind sy naam, byvoorbeeld, Petrus.
- Hy gee vir die egpaar die wysheid en die kennis om alles in hierdie kind te implementeer.

*Verduideliking van die Voorbidder (intercessor) verantwoordelikheid:*

*1. In die huwelik funksioneer die man en vrou saam as eenheid.*

*A. In die man funksioneer*

*i) die koningskap salwing wat uit die Vader kom as Koning.*

*ii) die priesterskap vanaf Jesus Christus, ons Hoëpriester,*

*iii) die profeetskap deur die Heilige Gees*

*B Die vrou*

*i) kom uit die rib van haar man*

*ii) as eggenote tree sy in vir haar man, haar bruidegom.*

*iii) staan op haar knieë voor die Here, en is gedurigdeur besig om in te tree vir haar man in sy gesagsposisie, net soos Christus vir die kerk in die hemel intree.*

*Dit is die eerste voorbidderskap waar in die vrou inkom, in haar bruidegom (haar man.*

*2. Die dubbel porsie voorbidder word in die vrou geïmplementeer.*

*i) Die tweede voorbidder is die Heilige Gees deur die bruid van Christus, besig om in te tree vir die heiliges daar buitekant.*

*ii) So dis 'n dubbele mate. In die bruid werk dit so dat sy funksioneer vir haar bruidegom (haar man) en sy funksioneer ook as Bruid van Christus, vir die gelowiges daar buitekant.*

**VOLMAAKTE PLAN**

**Psalm 139: 15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.**

**Psalm 139: 16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.**

In elke mens se lewe is daar reeds 'n volmaakte raadsplan geskryf, dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.

Hebreërs. 13: 20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,

God het ook 'n verbond gemaak met elke mens op aarde. Die Amplified Bybel stel dit baie mooi.

Hebrews 13: 20 Now may the God of peace [*the source of serenity and spiritual well-being*] who brought up from the dead our Lord Jesus, the great Shepherd of the sheep, through the blood that sealed and ratified the eternal covenant,

-o0o-

- God het die volledige raadsplan vir daardie persoon gegee.
- Die volledige raadsplan is in sy naam geskryf.
- Elke keer dat daardie naam gesê word, word God se raadsplan in daardie persoon geproklameer.
  - Net soos dit in die hemel perfek geskryf is, so moet ons dit in daardie persoon hier op aarde implementeer.
  - Die ouers is die hoogste gesag op hierdie hele aarde.

**SEËN OF VERVLOEK**

Ouers julle moet baie mooi op let oor wat ek vir julle sê. Hierdie is 'n geweldige saak. So baie mense vra my om vir hulle kinders te bid. Ek moet die kind reg bid, maar die ouers bly hom vervloek. Dit is nie hoe dit werk nie.

- As die ouer vervloek, is daardie kind vervloek.

God plaas daardie naam, waarin die raadsplan van die kind geïmplementeer is, in die ouers se monde. Elke keer as die ouers die naam spreek oor die kind, profeteer hulle oor die kind. Die ouers, die hoogste gesag op die hele aarde, spreek God se raadsplan in daardie kind se lewe in, net soos God vir Petrus gesê het dat Petrus die rots sal wees. Elke keer as die ouers daardie kind Petrus noem, proklameer hulle daardie persoonlikheid, identiteit en hele wese, wat God beplan het voor die grondlegging van die wêreld, in daardie kind in.

- Lewe en dood lê in die mag van die tong.
- As die ouers seën, kan satan en die hele wêreld se mense op hulle koppe staan.
  - Die outoriteit van die wêreld se mense is nie so hoog soos die egpaar se outoriteit nie.
  - Dit maak nie saak wat die wêreld vir 'n kind sê nie, as die ouer sy kind seën, is sy kind geseën.

Spreuke 18:21 Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

Hoe seën jy jou kind? Jy seën jou kind deur hom te noem op die naam wat God vir jou in jou mond gegee het.

**BYNAME**

Satan, die bedrieglike nabootser, kom en sê dat die naam te moeilik is en dat hulle die kind, byvoorbeeld, liewer "boetie" of "sussie" moet noem. Die ouers gee nou vir hom die bynaam, wat satan se planne en denke oor hierdie kind is. Satan beplan dat hierdie kind onnosel moet wees, sukkel met skoolwerk, sieklik moet wees, minderwaardig en verwerp moet voel. Hy moet aan alles ly wat in satan se raadsplan vir hom is.

- Waar God wil seën, wil satan vervloek.
- Waar God lewe wil spreek, wil satan dood maak.

Hierdie egpaar aanvaar nou die eerste saad, die saad van satan.

- Onthou, jy kan net swanger raak met die eerste saad.

Hulle noem nou die kind op daardie bynaam, wat die raadsplan van satan is. 'n Mens weet nie wat alles, in die verborgenheid, in daardie bynaam geskryf is nie. Die kinders sukkel met hierdie laste van satan. Die ouers verstaan nie wat in hulle kinders se lewe aangaan nie. Ek dink elke mens op aarde was al deur dit.

- Die ouers, wat as die hoogste gesag op aarde oor daardie kinders geplaas is, is besig om hulle eie kinders te vervloek.
- Elke keer as hulle daardie kind op sy bynaam noem, spreek hulle satan se planne in daardie kind se lewe in.
- Hulle is besig om hulle kinders geestelik en fisies dood te maak.

-o0o-

**SPREEK DOOD**

Die Here het vir my gewys dat dit is soos om strignien stukkie vir stukkie vir hierdie kinders in te gee. Hulle word stadig maar seker dood gemaak en ons kan nie verstaan waarom dit so in die kinders se lewe gaan nie.

- In plaas daarvan dat die ouerpaar hulle kinders seën en God se planne in daardie kinders spreek,
- is hulle besig om satan se planne in daardie kind se lewe te implementeer.

Hoe kan ‘n ouer so wreed wees? Jy sê dat jy jou kind lief het, maar as jy jou kind by jou bynaam noem is jy ‘n leuenaar! God sal jou roep as ‘n getuie. Ek praat miskien hard, maar ek sien dit te veel. Jy spreek dood oor jou kind want jy het jou kind nog nooit lief gehad nie! Al wat jy vir jou kind wil hê is die raadsplan van satan.

- Jy spreek satan se plan gedurig en elke dag wanneer jy hom op die bynaam noem.
- Jy is besig om dood in jou kind te spreek.

**VERANTWOORDELIKHEID**

**Matt. 18: 6 maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.**

- Ons moet onthou dat God lewe en dood in ons tonge gesit het.
- Dit is ons keuse wat ons wil spreek.

Ouers gaan eendag voor die Here moet staan en verduidelik waarom hulle gedoen het wat hulle gedoen het. Die Here sê in Sy Woord, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see as wat hy ‘n kindjie skade aandoen.

**PERSOONLIKHEIDSPROBLEEM**

Ek en my vrou het al vêr oor die vyf-duisend bevrydings gedoen. Ons het nog nooit een bevryding gedoen waar ‘n binding nie in ‘n mens ingekom as ‘n kind nie. Somtyds was die binding alreeds in die embrio. Terwyl die kind nog ‘n embrio is, begin die ouer al om hom te vervloek, te verwerp en aan satan toe te wy! Ons het al die vreeslikste goed gehoor! Onthou, elke keer as jy jou kind op ‘n bynaam noem, sê jy eintlik dat jy nie wil doen wat God sê nie. Jy spreek wat satan wil hê vir die kind deur daardie bynaam in sy lewe te spreek. Daardie kind het dan ’n persoonlikheidsprobleem.
Ons wil hê die Here moet seën, maar die Here het vir die ouer die reg gegee om te seën.

- As die ouers seën sal Hy seën, want die ouerpaar het die hoogste outoriteit.
- As die ouer vervloek, is sy kind vervloek.

Ons gaan voor die Here staan, so seker soos wat ek vandag lewe. Ons sal eendag, vir elke woord wat uit ons mond gegaan het, aan die Almagtige moet verklaar waarom ons dit oor ons kinders gesê het.

**SEUN BEVRY**

Ons het eendag ‘n pragtige jong seun bevry. Ek dink hierdie arme jong man was daardie jaar in matriek gewees. Hy het so gehakkel dat hy amper nie kon praat nie. Hy het ook ’n bynaam gehad. Sy ma wou ook in die sessie gesit het wat ons met hom gehad het, want sy kon verstaan wat hy sê. Ek het haar nie toegelaat om in te sit nie. Hy het so gehakkel dat dit omtrent ‘n minuut gevat het om net te sê wat sy naam was. Ek het net daardie vloeke oor hom, gees van verwerping en minderwaardigheid gebind, want ek kon dit nog nie breek nie. Nadat ek dit gebind het, het die jong man met my gepraat asof hy nog nooit gehakkel het nie. Hy het daardie dag vry daar uit gestap en normaal gepraat.

Daardie selfde aand sit ons by ‘n braaivleis en ek sê vir hom dat hy nie meer moet luister as hulle hom weer op sy bynaam noem nie. Hy moet net luister as hulle hom op sy regte naam noem. Ons het vir die familie en almal daar vertel. Sy eie pa weier om hom op sy naam te noem. Ongelukkig, aanvaar die kind dit en hakkel onmiddellik weer van voor af. Dit het daar voor ons oë gebeur, omdat sy pa hom nie wou seën nie. Sy pa wou nie in hom spreek volgens God se wil nie. Hy het in hom gespreek soos satan wou hê en het hom vervloek.

-o0o-

- Die oomblik toe sy pa hom op sy bynaam noem, begin hy weer te hakkel en daardie persoonlikheid is weer terug in die kind..

Ons veroordeel Daisy de Melker wat haar huisgesin stelselmatig gif gegee het. Ouers wat hulle kinders op byname noem, doen presies dieselfde.

**BID OM VERGIFNIS**

Ouer jy is besig om dood en vloeke in jou kind te spreek. Hoe weet jy wat alles geïmplementeer is in dit wat satan wil hê jy moet daardie kind noem? Dit kan miskien 'n pragtige mooi bynaam wees, maar jy weet nie wat die verskuilde agendas daar agter is nie.

- Net soveel as wat jy nie weet wat God in sy naam geïmplementeer het nie,
- weet jy ook nie wat satan geïmplementeer het in die bynaam nie.

Ons, as ouers, het 'n saak om vandag voor God reg te maak. Ons moet in ons binnekamers gaan en die Here om vergifnis vra vir elke bynaam en vloek wat ons oor ons kinders gespreek het. Ons moet ons kinders opnuut aan die Here toewy en daardie kind weg vat uit satan se kloue.

- Elke keer as jy daardie bynaam noem, offer jy jou kind vir satan.

Of jy nou kwaad word vir my of nie, dit maak nie saak nie. Ek gee hierdie saak vir jou uit, want daardie bloed moet van my hande af kom. Jy sal self moet pa staan vir die bloed wat op jou hande is, as jy jou kind wil dood maak en vernietig. Ek het die woord vir jou gegee. Dit is jou keuse om dit aan te neem of te verwerp. Gaan maak reg met jou kind en gaan vra vir jou kind om vergifnis.

**DIE KIND BETAAL DIE PRYS**

Daar is mense en kinders wat vandag in grafte lê, as gevolg van vloeke wat ouers oor hulle uitgespreek het. Daar is kinders vandag met siektes, peste en kwale. Hulle voel minderwaardig en het al hierdie goed oor hulle, as gevolg van vloeke wat ouers oor hulle uitgespreek het.

Ek praat miskien hard, maar die Here het baie met my oor hierdie saak gepraat. Hoe lief het jy jou kind? Het jy satan liewer as wat jy jou kind het? Baie ouers sal antwoord dat dit nie so is nie. As jy jou kind op 'n bynaam noem, kies jy satan se wil bo God se seëninge van goedheid, guns en alles wat mooi is.

- Jy kies om daardie kind elke dag te vervloek in die naam van satan.
- Dood lê in jou mond.

Ouers dink dat alles reg is, maar die kind moet die verskriklike prys betaal. Ouers moet versigtig wees vir wat hulle sê en doen aan hulle kinders, want dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see. Hulle gaan voor God se oordeel staan, so seker soos as wat hulle lewe.

**OUER GESAG**

Dit is miskien 'n harde boodskap, maar dit is nodig dat ouers die waarheid begin hoor. Ek moet vir die kind bid, maar die ouer is die hoër gesag. Ek sê weer, niemand het 'n hoër gesag op aarde oor daardie kind, as die ouerpaar nie.

- As die ouerpaar kies om daardie kind te vervloek, is daardie kind vervloek.
  - Tot die Almagtige Hand kan niks doen nie, want Hy kan nie buitekant Sy raamwerk en Sy Woord gaan nie.

Voor die begin van die skepping is daar 'n raadsplan in die hemel geskryf vir daardie kind.

- Daardie raadsplan is die kind se naam.
- God sê dat ons daardie raadsplan van die ewigheid af moet bring, in die fisiese ryk.
  - Ons moet presies doen soos wat God sê en as ons daarvan afwyk, gaan ons voor God staan.

-o0o-

Ouers pasop met wat julle besig is om te doen. Pasop vir hoeveel julle toelaat. Julle laat toe dat selfs die oupas, oumas, tannies en ooms julle kinders vervloek. Julle sal iets moet begin doen rondom julle kinders, want julle laat toe dat dood oor julle kinders gespreek word. Kom ons maak sommer vandag reg. Daar is te veel mense daar buite wat hierin funksioneer. Ons ou Afrikaner volkie dink ons is so heilig, maar ons is vrot van hierdie goed. Ons vervloek ons kinders meer as wat ons ons kinders seën.

**PAD VAN HERSTEL**

Ek gee hierdie boodskap uit in die Naam van die Here. Dit is miskien 'n harde woord, maar ons moet iewers begin. Dit is 'n swaard wat kap en hy maak skeiding tussen murg en been.

- Gaan maak reg met die Here mense.
- Gaan maak reg met jou kind.
- Vat jou kind terug uit satan se kloue en begin om God se raadsplan vir jou kind te implementeer en te spreek.
- Seën jou mond en jou woorde.
- Sê vir die Here dat elke woord wat jy oor jou kind gaan spreek, sal lewe wees.
- Vernietig alles wat jy in die verlede oor jou kind gespreek het met die Bloed van Jesus, sodat die vuur van God dit sal verbrand.
- Gaan skeur jou hart vandag voor die Here oor elke vloek wat jy oor jou kind gespreek het.

As iemand weer jou kind op 'n bynaam noem, moet jy hom reg help. Gaan bely en sê vir die mense dat jy gefouteer het, omdat jy jou kind op 'n bynaam genoem het, of dat jy toegelaat het dat jou kind so genoem word. Onderwysers moet ook versigtig wees hoe hulle kinders noem. Onderwysers spreek baie keer meer vloeke oor kinders uit as enige iemand anders.

- Ouers moet elke dag hulle kinders seën.

**BOU JOU KIND GEESTELIK**

'n Kind val normaalweg onder die genade tot en met so twaalf jarige of dertien jarige ouderdom. Sommiges eers op veertien. Dit hang af van wanneer hy sonde begin besef in sy lewe. Hy begin dan ook besef dat hy wedergebore moet word.

- Vandat die kind verwek word, totdat die genade tyd verby is, moet die ouers die kind se persoonlikheid in hom implementeer.
  - Die ouer moet die kind se persoonlikheid bou.
  - Hy moet hom leer wie hy is, wie die Here is en alles wat geleer moet word.
  - Die kind se hele struktuur moet gebou word in hierdie genade tyd.

Die Jode doen dit so en dit is waarom ek uit die boek Hebreërs vir julle verduidelik het. Die Jood spreek dat dit sy geliefde seun is in wie hy 'n welbehae het. Die vader implementeer alles wat hy het in die kind, sodat die kind die beeld sal aanneem van die vader. Ons moet dit ook doen.

- Die genade tyd is die bou en ontwikkelings tyd van daardie persoonlikheid.

Wanneer hy uit die genade tyd kom, kan hy begin om vas te hou aan daardie persoonlikheid, daardie fondasie wat gelê is en daardie mens wat op gebou is.

- Daardie mens en persoonlikheid wat God voor die grondlegging van die wêreld al beplan het, moet dan begin funksioneer.

Die gevolge van die byname wat jy jou kind genoem het, gaan jy nie sien voordat hy twaalf of dertien jarige ouderdom is nie. Jy gaan die gevolge eers sien wanneer die kind uit die genade tyd kom en wanneer hy sonde begin besef en doen. Jy kan dit miskien by enkeles vroeër al sien.

- Die wan struktuur wat jy in die kind geïmplementeer het, met die bynaam wat satan beplan het, kan jy eers na die genade tyd begin sien.
- Die kind sal eerstens begin rebelleer en weier om onder 'n gesag te staan.
  - Hy sal weier om na sy pa en ma te luister.

Mense begin dan praat van 'n rebelse tiener. Dit is nie 'n rebelse tiener nie.

- Dit is 'n demonies besete tiener.

-o0o-

- Daardie persoonlikheid wat satan beplan het en wat die ouer in daardie kind gespreek het, begin dan vrug in sy lewe te dra.

Mag die Here elke oor seën wat die Woord van God hoor en mag hierdie saad op vrugbare grond val. My gebed vandag is dat die ouers regtig van nou af die dinge sal begin reg doen.
Ons moet begin om ons kinders, wat ons vir satan geoffer het, terug te vat uit satan se hande en hulle vir die Here te gee.

Mag julle baie geseënd wees.

-o0o-